REEKS VAN 5 PREEKSKETSE UIT DIE BRIEF VAN JAKOBUS!

'N GELOOF WAT IN PRAKTYK WERK –
saamgestel deur Andries Combrink.
Centurion-Wes Presbiteriaanse Kerk.
(Vir navrae of terugvoer hieroor kontak info@cpk.co.za)

'N GELOOF WAT IN PRAKTYK WERK (1)

JY KAN ELKEEN LIEFDE LAAT ERVAAR
Jakobus 2:1-13

Inleiding:
Elkeen wil liefde ontvang. Daar is geen uitsondering op die reël nie.
Nogtans is dit so dat nie almal voel dat iemand hulle liefhet nie. Inteendeel, daar is mense wat verwerp voel, eensaam, onwelkom! En soms is hulle!
Waarom is dit so? Ons as mense, jy kan die ook "die gemeenskap" noem as jy wil, wys duidelik voorkeure en afkeure teenoor mense. Ons stereotipeur en ons plaas mense in kategorieë op grond van werklike en vermeende verskille en karaktertrekke en ervarings.

Ons beoordeel daagliks mense op grond van uiterlike voorkoms. Dan groepeer ons hulle in kategorieë. Sonder om daaraan te dink dat elkeen van hulle 'n indiwidu met gevoelens, hartseer, drome en persoonlike behoeftes is. Dit gee egter beslis nie aan 'n indiwidu die ervaring dat jy hom of haar liefhet nie – liefhet met die liefde van die Here nie! Wat kan ek doen om mense my liefde en die liefde van die Here, te laat ervaar?

VOORDAT ELKEEN ONS LIEFDE SAL ERVAAR, MOET ONS HART MOET EERS REGKOM!
Voordat ons anders na mense kan kyk, moet ons eers na onsself kyk! Vers 4 van ons teks sê dat ons onder mekaar onderskeid maak, omdat ons mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel. Ek meen die 1983 Afrikaanse vertaling is hier baie sag. Ek dink Jakobus sê eintlik ons plaas mense in hokkies en kategorieë vanweë ***bose*** oorwegings.

Daar is drie maniere om met ons hart-probleem om te gaan:
1. Eerstens moet ons onthou wie ons is. Jakobus noem ons "julle wat glo in ons Here Jesus Christus" Jak 2:1. Ons is Christene, Christus volgelinge! Ons verteenwoordig Christus en het ons lewens aan Hom oorgegee. Ons kan nie maar maak soos ons wil nie. Ons houdings en gesindhede moet Christus-gelykvormig wees!

2. Ons moet ook onthou aan wie ons behoort. Omdat ons ons lewens aan Christus oorgegee het, moet ons nou maak soos Hy sou gemaak het, in ons plek. Hoe het Hy jou aanvaar? Voorwaardelik? Met vooroordele? Met stereotipeuring? Of het Hy jou aanvaar – met jou persoonlikheid, afkoms, karakter – en selfs jou sonde! Kan jy Hom nou só teenoor ander mense, verteenwoordig?

3. Die derde gedagte wat ons harte kan verander, is as ons onthou wat op die spel is. Ons daaglikse verhouding met God is op die spel. Kyk mooi na verse 9 – 13. Die Woord is ondubbelsinnig! As julle mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders. Sulke gesindhede teenoor mense, bring 'n sondegordyn tussen ons en God. Ons daaglikse verhouding met die Here is op die spel.

En verootmoediging oor sonde, is wat ons hart en ons gedagtes sal verander.
Die gevolg van verootmoediging en berou is 'n verandering in ons gedrag. Bekering lei daartoe dat ons God se wet wil gehoorsaam. Dat ons wil ophou om bevooroordeeld te wees; dat ons wil ophou

om mense op grond van ons uiterlike maatstawwe te beoordeel. Dat ons wil ophou om mense te laat verstaan dat, omdat hulle nie deel van ons groepie is nie, ons hulle nie kan liefhê nie!

VOORDAT ELKEEN LIEFDE SAL ERVAAR, MOET ONS REG TEENOOR ALMAL OPTREE.
Tree reg op teenoor alle mense. Kyk mooi na verse 8 en 13b. Die koninklike wet bly altyd: Jy moet jou naaste liefhê, soos jouself. Jakobus voeg daarby: Barmhartigheid triomfeer oor oordeel.

Gee om vir almal! Indien ons ons oor ander ontferm sal ons ophou om hulle te veroordeel! As ons omgee vir mense en hulle behoeftes, sal hulle ophou om stereotipes, net 'n grys massa te wees! Ons moet bid dat ons harte sal sag word teenoor ander en hulle behoeftes en dan ook in die besonder teenoor mense wat van ons verskil!

Daar is geen twyfel nie, dat een van die waartekens van die Christendom is, dat ons mekaar liefhet; dat ons inderdaad ons naaste onvoorwaardelik liefhet, omdat ons redding op God se onvoorwaardelike genade gegrond is. (Sien bv 1 Joh. 4:20.) En dit is nie genoeg om te sê dat ons liefde het vir ons naaste nie. Dit is maar net te maklik om te praat, sonder dat ons doen! Christelike liefde word in dade gesien. En gesindhede is ook dade. Om ontslae te raak van vooroordeel, uiterlike oordeel, stereotipeuring en ander vorme van liefdeloosheid, gaan die gehoorsaamheid aan die gebod van die liefde vooraf. Eers wanneer ons harte met die liefde van Christus liefhet, sal almal ons liefde kan ervaar. Eers dan sal ons geloofslewe in praktyk ‘n verskil begin maak. Ons geloof sal in praktyk begin werk.

Volharding is nodig.
Jakobus wys in vers 10 dat as ons nie konsekwent in die nakoming van God se wet en wil is nie, dan is ons skuldig ten opsigte van al die gebooie. Ons lewens is dikwels nie konsekwent nie. Ons volhard nie in elke opsig in die soeke na God se wil vir ons lewe nie. God, daarenteen, is altyd konsekwent in Sy liefde, genade en ontferming teenoor ons. In ons verhouding met God en in ons lewe vir Hom – moet ons nie op sy daaglikse liefde, met daaglikse geregtigheid reageer nie?

Appél:
Ons teks vra twee dinge van ons.
Eerstens: Is daar houdinge en gesindhede in ons hart wat nie daar hoort nie, omdat ons Christene is? Gesindhede om mense wat soos ons “lyk”, meer lief te hê as ander? Wat die uiterlike van mense beoordeel? Seksisme? Rassisme? Vooroordeel? Vra God om jou dit te vergewe! Om jou ‘n nuwe hart te gee. Om jou soos Christus te laat dink! Om jou ‘n hart vol ontferming en liefde vir jou naaste te gee!

Tweedens vra ons teks, dat ons in selfondersoek moet gaan kyk of daar mense is vir wie ons dalk nie reg behandel het nie. Teenoor wie ons afbrekend, neerbuigend, hoogmoedig, liefdeloos, genadeloos, sonder jammerte was. Vra God om jou te wys wie dié mense is, want dit mag wees dat jy hulle ‘n verskoning skuldig is. Dat jy ten minste jou gedrag, houding en optrede teenoor hulle sal moet verander. Dink aan mense wat saam met jou werk, naby jou bly, deel van jou vriendekring is, deel is van jou gemeente, jou kleingroep, jou familie! As jy kan ophou om net een mens seer te maak, vir wie jy in die verlede ‘n pynlike probleem was, dan begin jou geloof in Christus al prakties ‘n verskil maak aan jou lewe, aan ander se lewe en aan die Koninkryk van God!

'N GELOOF WAT IN PRAKTYK WERK (2)

DIS MOONTLIK OM 'N GELOOF HÊ WAT IN DIE PRAKTYK VAN JOU LEWE WERK.
Jakobus 2:14 - 26

Inleiding:
Ek hou van wat Dr. Hans Kung, briljante Duitse teoloog sê: "Wie ookal net een helfte van die evangelie preek, dwaal netsoveel soos die prediker wat net die ander helfte preek!"

Daar bestaan 'n gevaar, om net die helfte van die Openbaring van God aan ons te preek. Mens kan op so 'n manier oor die belofte van die Evangelie preek, dat mense nie meer die eis van die Wet verstaan nie. Of 'n mens kan wetties wees, en so klem lê op 'n doelgedrewe lewe, waar God se doelwitte die volle boodskap vir jou word, dat jy vergeet dat die ware Evangelie eintlik lei tot 'n belofte-gedrewe lewe! Jy kan genade sonder 'n Christelike lewe propageer of jy kan 'n wettiese, doelgedrewe boodskap oordra, wat daarna lyk of jy jou verlossing kan verdien. Met die eerste opslag mag dit lyk of Jakobus ook 'n *lewe gedrewe deur die wet* eerder as 'n *lewe gedrewe deur die beloftes van God se genade* boodskap leer.

Dit is, totdat jy verstaan dat Jakobus wil hê ons moet verstaan dat die aanvaarding van die evangeliese beloftes, lei tot 'n geloof wat werk! 'n Lewende geloof is die teken dat iemand begenadig is!

Luister na dié woorde:
14. Wat help dit broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?

Die hoofklem in Jakobus se brief is dat 'n lewende geloof, 'n geloof is wat prakties werk. Ons moet ook daders van die Woord wees en nie net hoorders daarvan nie. Die soort stellings het teoloë soms aan die debatteer. Indien jy verlossing enkel uit genade, deur geloof, beklemtoon, word jy soms 'n fundamentalis genoem – en as jy teveel klem plaas op die verskil wat die evangelie aan ons lewe en aan die samelewing en sosiale geregtigheid moet maak, dan is jy glo liberaal.

Die debat het al teoloë, organisasies en selfs kerkverbande teenoor mekaar gestel. Wel, wat is die antwoord? Sê die Bybel dat as ons ons naaste liefhet en dit prakties uitleef, sal ons daarom hemel toe gaan? Sê die Bybel dat mense wat uit genade, deur geloof, salig word, geen sosiale verantwoordelikheid het nie? Die Bybel leer verseker duidelik dat "goeie werke" ons nooit kan red nie. Die Bybel leer netso duidelik dat genade ons van die ou mens verlos. Dat die ou mens sterf en dat elkeen wat uit die beloftes van die evangelie lewe, deur die liefde gedring word en deur die Gees gelei word om op te staan tot 'n nuwe lewe. Die Bybel leer dat ons uit genade 'n geloof van die Heilige Gees ontvang, wat 'n praktiese verskil maak aan ons en ander se lewe!

Sou ons land werklik die massiewe sosiale en morele probleme beleef het, as elkeen wat sê hy is 'n Christen soos 'n Christen geleef het en omgegee het? Armoede, hongersnood, pandemies, dwelms, pornografie, misdaad en ander euwels oorheers tot so 'n mate die nuus en die realiteite van ons bestaan, dat mens jouself die vraag afvra: Maar wat het die miljoene "Christus-volgelinge" nou eintlik die afgelope 350 jaar hier bereik? Het ons siele probeer red en tog die mens aan homself oorgelaat of het ons God se genade in geloofspraktyk uitgeleef. Het Sy dissipels Jesus gevolg en alles gedoen wat Hy ons geleer en beveel het?

Jakobus vra indringende vrae oor mense wat sê dat hulle geloof in Christus het, maar nie persoonlik of gesamentlik enige verskil maak aan die stukkende wêreld waarin ons leef nie. Hy sê: (Jak 2: 15 – 17.)
***15**. Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly,*

***16**. en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?*
***17**. So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.*

Die Evangelie gaan oor baie meer as 'n redelike (of emosionele!) instemming dat Jesus vir jou sondes gesterf het. Geloof hou tog baie meer in as dit! Verlossing gaan tog om vry te word van die ou mens; dit gaan oor 'n nuwe mens wat uit die sondedood opstaan om meer en meer volgens Jesus se voorbeeld te leef. Lewende, saligmakende geloof eis van my 'n lewenswyse wat 'n verskil maak in die lewe van die Koninkryk, van die kerk en van mense in nood.

Jakobus vra beslis nie die vraag of goeie werke, sonder saligmakende geloof, ons kan red nie. Hy vra of iemand wat getuig dat hy of sy uit genade 'n saligmakende geloof ontvang het, sonder goeie werke sal lewe!

Eerstens ontdek ons dus, dat daar nie so iets bestaan soos redding, sonder dissipelskap nie. Dit is eenvoudig nie Bybels om Jesus as Saligmaker en Redder te bely, sonder om Hom as Here, Koning en God te bely nie. Jakobus wys ons daarop dat selfs die duiwels in Jesus glo, maar sonder om gered te word! Die verskil tussen die geloof van demone en die van Christene, is dat Christene die "Heerskap" (Lordship) van Jesus in hulle lewens aanvaar, sy volgelinge word en voortgaan met die bediening waarmee Hy op aarde begin het.

Tweedens, sien ons, dat 'n klem op die Christelike geloof wat nie getrouheid en gehoorsaamheid aan Christus se oproep tot 'n nuwe lewe insluit nie, 'n ernstige dwaling en verdraaiing van die Evangelie van Christus is. Wat beteken dit? Eenvoudig wat Jakobus ons hier leer. Die soort geloof wat geen aandag gee nie aan: die waarheid, morele reinheid, afsku aan wat sleg is, sosiale ongeregtigheid, omgee vir die armes en die wat honger is, soeke na dié wat verlore is – dat 'n geloof wat by al hierdie dinge prakties verby leef - inderdaad 'n dooie en nuttelose geloof is.

Derdens, is dit duidelik, dat enige iemand wat beweer dat mens salig word, omdat hy of sy goeie werke gedoen het, ook 'n valse godsdiens en ketterse belydenis het. Etiek, 'n sosiale gewete en 'n uitreik na elkeen in nood; aandrang op integriteit in 'n samelewing waar arm mense weinig of geen invloed het op hulle toekoms en die verligting van hulle situasie nie; al hierdie dinge red ons nie van ons sonde nie, maar wanneer hierdie dinge in ons lewens tot praktyk kom op grond van ons Christelike gewete, die stem van die Heilige Gees in ons gemoed, is dit verseker so, dat dit gebeur omdat ons geredde, begenadigde mense is.

Appél:
Paulus som dit baie duidelik op in Galasiërs 5:6: "In Christus Jesus is al wat van belang is geloof wat deur liefde tot dade oorgaan!"
Ons reaksie op God se liefde is baie meer as 'n geloof wat net 'n verstandelike instemming is oor wat Jesus vir jou gedoen het. Geloof in Christus is 'n lewensveranderende krag in ons lewe. Dit kan nie anders as om tot die daad toe oor te gaan nie. Paulus en Jakobus verkondig inderdaad dieselfde evangelie: Die goeie nuus is dat geloof in Christus, in liefde, oorgaan tot dade wat 'n verskil maak. Saligmakende geloof in Christus, is inderdaad 'n geloof wat werk. Wat 'n praktiese verskil wil en sal maak.

'N GELOOF WAT IN PRAKTYK WERK (3)
PASOP: JY KAN DEUR JOU TONG ONDERGAAN
Jakobus 3: 1-12

Inleiding:
'n Groot verleentheid vir die Christendom, is die verskil tussen heilige, mooi woorde wat Christene op Sondae praat – en aaklige, vuil of haatdraende en vernietigende taal wat dieselfde Christene op Maandae of enige ander tyd gebruik. Die onmoontlike dat soet en bitter water uit dieselfde fontein kan kom, is vir die ongelowige wêreld so duidelik soos daglig! Die feit dat vreugdevolle woorde van liefde, geloof en vergifnis uit dieselfde mond sal kan kom, as bitter woorde van haat, afguns, woede en gewone growwe vuiltaal, kan tot 'n einde kom. Die Here en Sy kerk kan dié verleentheid gespaar word. Die oplossing is: 'n nuwe mens; 'n nuwe geboorte; 'n geboorte deur die Gees, wat die tong, die taal en die woord insluit!

1. ONS IS VOOR GOD AANSPREEKLIK VIR ALLES WAT ONS SÊ!
Volgens vers 1, is leermeesters – predikers – meer aanspreeklik as ander vir die woorde wat hulle gebruik. Tog impliseer dit ook dat ***elkeen*** deur God aanspreeklik gehou word, selfs al het predikers selfs 'n groter verantwoordelikheid.

Dis 'n verantwoordelikheid wat ge-eis word van mense wat almal hieroor "struikel" (vers 2) Dis altyd 'n verleentheid om te struikel. Selfs al val jy net "amper" in die openbaar, is die eerste gedagte altyd om rond te kyk wie ons gesien het.

Waarom is ons dan nie skaam, omdat ons so dikwels struikel met ons woorde nie? Wanneer ons die eer van God aangetas het; wanneer ons die onreinheid van ons hart blootgestel het met woorde wat net uitglip; wanneer ons mense seergemaak en aanstoot gegee het; wanneer ons as gelowiges vir die Here wat ons hier verteenwoordig 'n verleentheid was en nie 'n geleentheid om sy getuie te wees en sy genade te demonstreer nie.

Ja, ons sou volmaak wees as ons nooit hierin struikel nie (vers 2) – maar dit neem niks weg van die feit nie, dat God ons aanspreeklik hou vir elke woord wat ons praat nie!

Woorde is die barometer van ons harte. Dis deur ons eie woorde wat ons harte en selfs ons lewens, deur onsself veroordeel word.

2. WOORDE HET GROTER INVLOED EN IMPAK AS WAT ONS DIKWELS WIL TOEGEE.
Jakobus gebruik sterk visuele beelde om hierdie punt na vore te bring. (Vers 3.) Dink aan 'n groot, sterk perd: dit kan swaar vragte trek en baie harde werk verrig en tog kan ons dit stuur met 'n klein stang in die bek (vers 4). Of dink aan 'n reuse, indrukwekkende skip wat meer vrag as enige ander enkele voertuig kan dra; en tog is dit maar 'n klein roertjie wat die reus in 'n bepaalde rigting stuur en daarop hou (Vers 5). En wat van vreesaanjaende, lewe bedreigende vure wat 'n hele bos kan uitwis, plase en landerye kan vernietig en huise en lewens in gevaar stel; dit word meestal deur die kleinste vuurtjie begin.

Netso is die tong maar een van die kleinste en minste opvallende van ons organe. Woorde, wat ons so alledaags gebruik, kan ook soms maar skadeloos lyk.

Tog stuur dit ons in die rigting waarheen ons leef en bepaal ons bestemming. Dit kan soveel skade – en meer – as 'n vreesaanjaende vuur aanrig!

Woorde van ouers, grootouers, onderwysers en ander, het al die lewens van kinders vernietig: hulle selfbeeld, hulle drome, hulle geluk en veiligheid…

Woorde het menige leier - ook geestelike en kerkleier – plaaslik, landswyd en internasionaal – se hele bediening verwoes.

Woorde het menige lewensmaat finaal moedeloos gemaak en ‘n einde gemaak aan wat ‘n gelukkige gesin kon wees.

Woorde, uit die mond van belydende Christene, het menige soeker finaal teen betrokkenheid by die kerk en vertroue op Jesus laat besluit.

Die skade van skinderpraatjies, lasterpraatjies, alewige negatiwiteit, ‘n gevloek, liefdelose humor en onvanpaste grappe, beledigings en afbrekende kritiek, valsheid, bedrog en leuens – dit alles is maar die begin van groot vure waardeur mense vernietig, die evangelie groot skade aangedoen en die eer van God aangetas is!

Woorde, het baie meer impak as wat ons ooit wil erken.

Ongelukkig weet die bose en sy strateë presies hoe kragtig woorde is en lê ons die mees vernietigende sêgoed in die mond.

Maar die Heilige Gees kan ons ook help om woorde te praat wat:
troos, bemoedig, geloof opwek, vreugde bring, mense ‘n deel van Christus se liggaam laat voel, die Here eer, God aanbid!

3. Om ons geloof prakties uit te leef, is dit van die grootste belang dat ons die mag van die tong verstaan:

1] die karakter van die tong. (v.6). Dit is asof al die boosheid in die kosmos in die karakter van die tong (ons woorde) bymekaar kom. Dink maar net waarna God nou op hierdie oomblik alles moet luister: Woorde van seksuele onreinheid, afgodery , towery en heksery, haat, tweedrag en kwaadsteek, jaloesie, woede uitbarstings, selfsug, dronkmanspraatjies, en baie meer (Sien Gal. 5: 19 – 21.)
2] die invloed van die tong. "Dit steek die hele lewe aan die brand" (v.6). Woorde neem ‘n eie pad, verwoes veel meer as wat ons ooit verwag het en besoedel elke faset van ons menswees.

3] die omvang van die invloed van ons woorde is moeilik om te bepaal, maar soos die weghol veldbrand reik dit baie verder as wat ons onsself selfs kan indink (verse 6 en 8)

4] die bron van al die kwaad. Dit word in die hel aangesteek. Die bose staan reg om die vlamme tot die maksimum toe aan te blaas!

4 . UIT ONSSELF KAN ONS NIE DIE TONG BEHEER NIE
Ons struikel almal, sê Jakobus (vers 2). Die volmaakte mens wat al hierdie kwaad kan keer, bestaan nie!

Want die mens wat sy tong kan beheer, sal bekend wees as:
‘n vredemaker, ‘n vertrooster, ‘n evangelis en getuie van Jesus, ‘n bemoediger van die moedeloses en bron van inspirasie vir hulle wat hulpeloos en sonder krag voel; iemand wat ander liefde, aanvaarding en eie waarde laat ervaar; iemand wat kinders toerus met moed, ‘n positiewe selfbeeld, drome en ‘n skoon en suiwer hart en ambisie! En nog baie meer…

Waar vind ons so ‘n mens?
Jesus Christus, die volmaakte, was so! Sy woorde het genees, gered, bemoedig, versterk, die bose bestraf en die swakkes versterk, die sondaars vergewe en die wat honger is, gevoed. Dit het geleer, onderrig, vermaan, vertroos en die pad vir ons gewys, tot in die hemel!

Jesus se woorde het God aan ons openbaar, die Heilige Gees aan ons voorgestel en die weg, die waarheid en die lewe vir ons toeganklik gemaak!

Net die Seun van God kon dit alles doen. (1 Petrus 2: 22 & 23). Net Hy het nooit ‘n sondige woord gesê nie!

Net by Hom en deur verlossing in Hom; net deur ‘n geloof in Hom wat ‘n praktiese verskil aan ons hele lewe maak, kan die dodelike gif wat uit ons mond kom, getem word!

Appél:
Die Here hoor elke woord wat ons sê. As ons ewige bestemming afgehang het van die terugspeel van ‘n bonatuurlike opname van elke woord wat ons ooit gepraat het, wie sou ooit vrygespreek kan word? Ek, ellendige mens – wie sal my kan red? (Rom 7:24 &25). Dank God, deur Christus Jesus is daar redding! (Rom 8: 1 – 3.)

Net wanneer God aan my ‘n nuwe natuur skenk, in Christus Jesus, deur die werk van die Heilige Gees in my hart en lewe, kan die bitter fontein van my tong, soet water van lof, aanbidding, troos, redding en genade laat voortkom.

Die verleentheid dat vreugdevolle woorde van liefde, geloof en vergifnis uit dieselfde mond sal kan kom as bitter woorde van haat, afguns, woede en gewone growwe vuiltaal, kan tot ‘n einde kom. Die Here en Sy kerk kan dié verleentheid gespaar word. Die oplossing is: ‘n nuwe mens; ‘n nuwe geboorte; ‘n geboorte deur die Gees, wat die tong, die taal en die woord insluit!

Die Heilige Gees kan die tong tem. Deur die gawe van ‘n geloof wat prakties ‘n verskil maak. Dit is een van die beloftes van die evangelie waaraan ons met groot opgewondenheid, gelowig kan vashou!

'N GELOOF WAT IN PRAKTYK WERK (4)
'N GELOOF WAT WERK, VOORSIEN WYSHEID VIR DIE LEWE!
Jakobus 3: 13 – 14:10

Inleiding:
As mense en as gemeenskap plaas ons vandag 'n hoë premie op kennis. Ons beleef immers die "inligtingsrewolusie"! Ons plaas 'n hoë premie op onderwys, opvoeding en opleiding. Ons moedig ons kinders aan om soveel as moontlik en sover as moontlik te studeer.

Ons het 'n inligting-georiënteerde samelewing geword. Ons neem ingeligte besluite en volg stategieë wat baseer is op navorsing, impakstudies en breë konsultasie.

Maar is ons 'n gemeenskap wat wysheid het? Weerspieël ons wêreld en ons lewenswyse: wysheid?

DAAR IS 'N VERSKIL TUSSEN KENNIS, INLIGTING EN WYSHEID.
Volgens Jakobus is daar 'n duidelike verskil tussen 'n persoon met kennis (kundige persoon) en iemand met wysheid. Iemand wat wel kundig is, en tog geen wysheid het nie, kan uitgeken word aan sekere karakter eienskappe: afguns, selfsugtige ambisie en jaloesie. (3:14). 'n Persoon met kennis, wat dit net in sy of haar eie belang gebruik, kan uiters dwaas wees

Daarteenoor word wyse mense daaraan uitgeken dat kundigheid in die beste belang van ander, van die gemeenskap en van die gemeente gebruik word. Kennis wat uit boeke kom is belangrik, maar verkry 'n dieper waarde wanneer dit gebruik word met 'n liefde vir God en 'n insig in die Koninkryk en plan van God in ons wêreld. Jakobus wys daarop dat die eienskappe van 'n wyse mens sigbaar word in onder andere: vredeliewendheid, inskiklikheid, onpartydigheid, opregtheid, bedagsaamheid! (3:17).

In antieke tye was wysheid baie hoër aangeslaan en vereer, as blote kennis. Die Spreuke boek vertel ons oor en oor daarvan:
Spr 16: 16 Probeer liewer wysheid bekom as goud, liewer insig as silwer.
Spr 28: 26 Wie op homself vertrou, is 'n dwaas; wie hom deur wysheid laat lei, is veilig.
Spr. 8: 1 – 7 Dit is Wysheid self wat roep, dit is Insig wat haar stem laat hoor. Op die hoogtes langs die pad, by die kruispaaie, gaan sy staan, langs die stadspoorte, by die ingange, skree sy dit uit: "Ek roep na julle, mense, ek roep na alle mense: Die wat ervaring kortkom, kan verstandig word, die wat dwaas optree, kan insig kry. Luister, want wat ek sê, is die moeite werd, elke woord van my is opreg. Ek praat net die waarheid, ek het 'n afsku van wat verkeerd is.

In antieke tye is mense gerespekteer vir hulle wysheid. In die Bybel word die wysheid van gelowiges hoog aangeskryf en as 'n voorbeeld vir ons voorgehou. Hulle wysheid word 'n viering van die Here se genade in die lewe van mense. Ons word aangemoedig om soos hulle die wysheid op te soek en na te jaag. Daar is mense soos Daniël, Josef, Dawid, Salomo – en veral die volmaak te wysheid van Jesus van Nasaret In die Bybelse tyd was niks op aarde belangriker, as om wysheid te verkry nie.

Hoe het die wêreld nie verander nie! Baie van ons dink regtig dat die massas inligting wat nou "versamelbaar" geword het, al die antwoorde vir ons en ons wêreld sal kan verskaf. Tog wys die praktyk dat ten spyte van die toename in kennis, dit wil voorkom asof die vrae selfs nog meer word en die probleme net meer kompleks!

Spr. 1: 7 sê: Kennis begin met die dien van die Here; in Sy Woord, deur Sy leiding, geïnspireer deur Sy Gees vind ons die ware wysheid. Wie God se gedagtes kan nadink, kan kennis so toepas, dat ons geloof in Christus 'n praktiese verskil in die lewens van mense, ons eie lewe en aan die koms van die Koninkryk kan maak.

Jak 3: 13 –18:
Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig. Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie. Die soort wysheid kom nie van Bo nie, maar is aards, sinlik, demonies, want waar daar naywer en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.

DIE TOETS VIR GODDELIKE WYSHEID
In vorige verse praat Jakobus oor ‘n ander soort wysheid. Dit is ‘n sogenaamde “wysheid" wat uit die mens se ambisie, begeertes, selfliefde en egoïsme kom. Hierdie aardse wysheid is nie net onchristelik nie, maar van die duiwel self afkomstig. Laat ons gewaarsku wees dat daar mense is wat sogenaamd slim is – eintlik skelm en oneerlik - wat daarop uit is om hulle sin te kry – op enige manier – en sonder om die belange van die persoon wat seerkry te oorweeg! Hulle soort wysheid wil ‘n Christen beslis nie hê nie!

Daar is ‘n maklike manier om te bepaal waar ons wysheid – dit is ons planne, optrede, besluite, woorde, benaderings, waardestelsels, visies en strategieë vandaan kom: van die Here of van die bose af. As ons ‘n probleem moet aanspreek en met ‘n oplossing kom, moet ons vir onsself die volgende vrae (wat uit Jak 3: 13 - 18 kom) vra, voordat ons aanvaar dat ons die regte oplossing gekry het!

1. Is dit sonder bybedoelings? Is ons oneerlik teenoor enige iemand – ook in dit wat ons verswyg of wegsteek – met hierdie oplossing? Laat ons baie versigtig wees met dié een!

2. Is dit vredeliewend? Sal dit mense nader aan mekaar bring of hulle van mekaar vervreem en agterdogtig teenoor mekaar maak? Sal dit vooroordele aanwakker of tot niet maak?

3. Is dit inskiklik? Vir die Christen is die persoon waarop hy die meeste moet let, die een met die kleinste (swakste) stem. Ons moet eenvoudig seker maak dat ons nie oor enige iemand gaan loop met ons oplossings en planne nie – en veral sensitief wees vir die omstandighede van die sensitiewes en die weerloses wat deur ons besluite geraak word.

4. Is dit bedagsaam? Ons natuurlike mens neem tog maar altyd ***ons*** planne so ernstig op! Is ek iemand wat my gewig rond gooi, ander manipuleer en benadeel, net omdat ek die gesag en mag het om dit te kan doen. Onbedagsaamheid is die satan se beste manier om Christene liefdeloos te laat optree, want jy kom dit byna nie eers agter nie!

5. Is dit vol medelye en goeie vrugte? Sal ons “wysheid” en planne vir ander aangenaam wees en lekker wees om te ervaar! Dit moet nie net regverdig wees nie, maar ook goeie vrugte dra!

6. Is dit onpartydig? Hoe moeilik dit ook al is, moet ons as gelowiges altyd ‘n saak van alle kante af bekyk en ander se sieninge en omstandighede erken en hulle behoeftes raaksien. Dié toets is veral belangrik wanneer ons ons “wysheid” in ‘n konflik situasie moet gebruik!

7. Is dit opreg? As my oplossing of plan van my vereis om inligting van iemand te weerhou, geheimsinnig is en van my verwag om iets voor te gee wat nie waar is nie, moet ek baie suspisieus wees oor die “wysheid” van my wysheid!! Deursigtigheid - in alle hoflikheid en bedagsaamheid - is 'n goue sleutel tot wysheid!

In die laaste plek wys Jakobus ons daarop dat die gevolg en die vrug van ons besluite, planne en oplossings ***vrede*** moet wees! As ek my saak so moet stel en verdedig dat dit die vrede oorboord gooi, moeilikheid maak, mense onnodig ontstel, konflik ontlok en verhoudinge vertroebel, dan moet ek weer kyk na wat ek wil bereik en hoe ek dit wil doen! Dan moet ek vra*:* ***is dit werklik God se wil!*** Sal die Here se plan dan konflik tussen Christene wat almal opreg soek na die waarheid, veroorsaak? Dit is bepaald makliker om 'n **vredeliefhebber** te wees, as 'n **vredemaker!** Die beste plan – die ware wysheid – sal na vore kom saam met 'n besliste verbintenis tot vrede!

Appél:
As jy weer worstel om 'n antwoord vir 'n probleem te kry, gooi jou antwoorde eers deur die sif van hierdie 7 vrae uit die Woord uit Jakobus hierbo en as dit iewers, by enige een van hierdie vrae, vashaak, herondersoek jou antwoord en probeer weer. Die Gees van die waarheid wat ons in Christus as God se kinders verseël, sal ons in die regte antwoord lei! Dit sal antwoorde bied wat voortvloei uit 'n lewende geloof in Christus: geloof wat prakties werk en 'n verskil maak. Mag God ons hiermee help!!

'N GELOOF WAT IN PRAKTYK WERK (5)
'N GELOOF WAT WERK MAAK 'N KRAGTIGE GEBEDSLEWE MOONTLIK.
Jakobus 5: 13 – 20

Inleiding:
Is gebed 'n kuns wat besig is om tussen Christene uit te sterf? Ek vrees die antwoord op die vraag is dikwels, ja! Natuurlik hoop ek dat ek verkeerd is! Maar as ons die getuienis in menige gemeente en selfs gelowiges in tuisgroepe opvolg, word die bidders steeds minder en minder! Daar word, lyk dit soms, baie meer oor gebed gepraat, as wat daar gebid word.

DIE GEBED VAN DIE GELOWIGE HET KRAG
Ons sê ons glo dat gebed 'n verskil maak. As ons dit glo, waarom spandeer ons dan nie baie meer tyd aan gebed nie? In baie gemeentes is die biduur die byeenkoms met die kleinste opkoms. Waarom voel sommige mense ongemaklik, wanneer mense werklik met God in gesprek tree? Of is ons dalk nooit geleer hoe om te bid nie? As gebed alles kan verander, is dit werklik onverklaarbaar waarom gebed so min aandag van gemeentes en gelowiges ontvang.

Vers 16 beklemtoon dat die gebed van die gelowige groot krag het. As ons glo wat in die Bybel staan, sal ons nie net aanvaar dat God werklik bestaan nie, maar ook dat Hy gebed beantwoord!! Miskien het ons goeie voornemens, maar voordat onsself sover kan kry om regtig tyd en energie in ons gebedslewe te belê, is nog 'n week, of jaar, verby!

Hierdie Skrifdeel is dalk een van die ernstigste aanmoedigings om elke enkele situasie met gebed aan te pak. Wanneer ons werklike nood ervaar, behoort gebed vir ons as gelowiges die éérste uitweg en nie die laaste, te wees nie!

Kom ons kyk na enkele spesifieke omstandighede, waarin gebed 'n bonatuurlike, hemelse uitkoms vanaf die Here kan bied!

Wanneer jy swaarkry!
Wanneer jy swaarkry het, mag jy bid! As iemand opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. (Jak 5:13) Gebed is gepas vir beide 'n opgeruimde en 'n neerslagtige gemoed. Opgeruimdes loof en prys die Here, maar as ons depressief is, en swaarkry, is dit tyd om met God daaroor te worstel. Dit voel of jy maar net moet moed opgee en wegstap van die uitdaging, maar die Woord nooi ons om by Hom by wie niks onmoontlik is nie, om hulp aan te klop!

Dawid het emosionele pyn geken. Lees maar Ps 31:9. Hy huil biddend voor God oor sy hartseer en swaarmoedigheid. En hy getuig dat God hom geantwoord het.

Wanneer jy siek is
(verse 14 en 15). Daar is tye wanneer die Here ons nader aan Hom bring deur ons te midde van ernstige siekte, van ons afhanklikheid van Hom bewus te maak. Snelle vooruitgang mag die indruk by ons gelaat het dat die mediese wetenskap al die antwoorde het! Vertel dit egter vir iemand wat pas met 'n baie ernstige siekte soos byvoorbeeld kanker diagnoseer is! Of iemand wat besig is om blind te word! Ons siektes en liggaamlike gebrokenheid is vir God baie belangrik. Genesing van siekes was 'n kern-aktiwiteit in die bediening van Jesus. Op talle plekke in die Bybel – sien Handelinge byvoorbeeld – word dit as die gewone gang van sake beskryf, dat die gelowige vir homself en ander by die Here in gebed om genesing pleit en dat Hy in Sy wysheid en soewereiniteit baie keer op 'n wonderlike manier genesing skenk.

Dis nie ons gebede wat mense genees nie. Ons het self ook geen mandaat of opdrag om mense te "genees:" nie! Daar is ook ***geen voorwaardes*** gekoppel aan genesing nie en daarom mag ons beslis nooit iemand verwyt wat nie genees word nie. (Bv. jou geloof is te klein, daarom het jy nie gesond

geword toe ons vir jou gebid het nie!) Ons het net een mandaat en opdrag en dit is om vir die siekes te bid! God self genees, en besluit soewerein waar, wanneer en hoe! Ons moet net bid! Dis genoeg! Dis ons mandaat. God doen die wonderwerke volgens sy volmaakte en soewereine wil en genade.

Wanneer jy afvallig geword het in die geloof
(verse 19 en 20). As iemand van die waarheid van God afvallig geraak het en daarvan bewus is – of as 'n broer of suster wegraak van God af – moet ons bid. Persoonlik, as gemeente, kleingroep, familiekring of vriend. Om daaroor te praat, wonder, skinder of selfs net besorg te wees, is nie die antwoord nie! Die kragtige gebed van die gelowiges is ook God se manier om mense terug te bring na die waarheid toe en na Hom toe.

Ons moet ook saam met iemand bid om vergifnis van daardie sonde van afvalligheid, bid om bevryding van die leuen, ongeloof en ongehoorsaamheid! Ons moet by God pleit om ons eie of iemand anders se volle herstel in die gemeenskap van die gelowiges.

Moenie die krag van gebed onderskat nie!
Ons onderskat die krag van gebed, omdat ons nie verstaan hoe dit werk nie! Jakobus hou Elia vir ons as voorbeeld voor, om ons insig te gee. (verse 17 en 18) Die kernwoorde hier is, dat Elia 'n mense was, netsoos ons! Tog het hy gebid dat dit nie moet reën nie, en daar was droogte, en hy het gebid om reën en God het uitkoms gegee. Elia het 'n kragtige uitwerking gesien as gevolg van sy gebede en so kan ons en elkeen wat gelowig met God in gebed worstel ook ervaar wat Elia gesien het!
(Lees gerus die verhaal in 1 Konings 17 en 18.)

God gee kragtige oorwinning oor valse godsdiens, invloedryke afgodspriesters en die bose Isebel!

Ons leer baie oor gebed by Elia volgens Jakobus. Sy gebede het 'n kragtige uitwerking gehad, al was hy net 'n gewone mens soos ons. Elia het ook foute gehad en selfs met depressie geworstel, maar dis nie Elia nie, maar God wat die wonders laat gebeur het!

Elia het ook gelowig gebid en hy het volgens die wil van God gebid. Hy het 'n duidelike opdrag van God gehad om te bid vir droogte en oor reën. Ons moet die wil van God ook onderskei in ons gebedslewe. Waar ons die wil van God ken vir ons as gelowiges en as kerk – en die Bybel vertel ons wat God se wil is vir 'n oorwinningslewe – moet ons God aan daardie beloftes herinner en dié oorwinnings sal deel word van ons geloofservaring en van die werk van die Here waarin ons staan!
Elia het verder in opregtheid aanhou bid! Hy het nie opgehou voordat hy gehoor het dat daar 'n wolk op pad was nie! Toe eers het hy ophou bid en vir hom en sy dienaar skuiling teen die verwagte reën gesoek!

Appél:
Ons gebedslewe moet baie meer wees so die van Elia! Hetsy te midde van opgeruimdheid, depressie, siekte, skade, sonde of ongeloof! Na die gebed van hierdie man het God magtige dinge gedoen en die hele volk is daardeur geraak! Ons gebede raak nie net onsself nie, maar 'n land en volk, 'n kontinent, die hele wêreld. Dit raak nie net ons gemeente nie, maar ons hele kerkverband! En dit kan die Kerk van Christus oor die hele aarde raak! Ons gebede raak die hele planeet, die hele koninkryk van God en die hele geskiedenis!

Ons bid nie ter wille van onsself nie, maar ter wille van die Naam van God, Sy wil en eer en ter wille van die hele mensdom! Want 'n geloof wat werk, maak 'n kragtige gebedslewe moontlik.
In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
Amen.